

TEMMERS VAN
DIE WOESTYN
No. 21
Nag van
Wraak.
braam le roux

Attie lig die rewolwer op. Hy mik na Kierie se kop. Kierie verberg sy gesig in sy hande.

Manie het vinnig omgespring na die oop deur toe. Nou klink sy stem bars hier vlak agter Attie.


„Gooi neer daardie rewolwer of jy is 'n lyk, Attie Botes."

Attie swaai vinnig om en met die omswaai spuug sy vuurwapen vonke.

Manie se liggaam ruk as gevolg van die geweld van die koeël wat deur die sagte vlees van sy bo-arm skeur. Maar 'n gedeelte van 'n sekonde na die eerste skoot, kraak 'n tweede skoot, en hierdie keer borrel die rook oomblikke later uit Manie se rewolwerloop.

Attie gryp vinnig na sy bors. 'n Derde skoot knal oorverdowend en dit lyk asof die geweld van die koeël Attie in die rondte laat draai. Die rewolwer val uit sy groot hande en dan sak hy self grond toe. Daar is 'n gapende wond in sy voorkop en 'n swart vlek verskyn op sy hemp net bokant sy hart. Attie se naels grawe krampagtig in die misvloer. Hy stik, en lê dan stil.

Manie hou sy arm vas en kyk na Donald. Met sy twee hande nog steeds in verbande probeer hy na Manie skop, maar Manie tree agteruit en dan storm hy op Donald af. Hy hef sy rewolwer omhoog en Donald uiter 'n kreet as die kolf van die pistool twee-drie keer op sy kop neerkom. Hy syg inmekaar . . .



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Sonde in die Kloof | 3 |
| 2. | Dors na Bloed | 17 |
| 3. | Wagter by die Water | 30 |
| 4. | Boodskap uit die Nag | 44 |
| 5. | Leë Stemme | 58 |
| 6. | Sand en Bloed | 71 |
| 7. | Nag van Wraak | 84 |


Hoofstuk 1

# SONDE IN DIE KLOOF

'n Trop Afrikanerbeeste vlug in 'n diep kloof op. Dit is vanoggend vroeg reeds warm. Dit is of die aarde onder die stekende strale van die son sidder. Bo teen die klipbanke bewe die son ongenadiglik neer.

Andries Els klap 'n lang sweep oor die reeds half-verbouereerde beeste wat al dieper die kloof invlug. Hoë, steil rotsformasies troon aan weerskante van die kloof, en in 'n droë spruitloop piets 'n warrelwind die fyn sand in die lug op. Moedeloos staan rosyntjiebosse, met hier en daar 'n verdwaalde naboom, onder die felle, droë hitte.

,,Baas, waar jaag baas die bees heen?'' vra die oorlamse Hotnot wat 'n paar tree agter Andries op 'n maer skimmel merrie ry.

,,Jy vra vanoggend te veel vrae, Kierie. Draai jy nou maar terug en gaan roep vir baas Donald. Sê vir hom ek wag hier in die kloof.''

Ou Kierie skud sy kop en vryf vinnig oor sy peperkorrels. Hy laat die ou merrie omswaai en jaag dan met die kloof aan terug. Dit is of hierdie kloof hom uit die berge lei. Die kloof word dan ook al vlakker en breër hoe verder hy gaan. Die rotshellings aan weerskante is nie meer so steil nie en die plantegroei in die kloofbedding word minder. Dit is nou soos 'n groot, natuurlike pad wat uitlei uit die berge op 'n oop vlakte. By 'n rotskoppie hou Kierie sy merrie in. Die ou dier moet 'n bietjie blaas. Kierie en baas Andries is van vanoggend douvoordag al besig om 'n paar besies wat in die kleiner klowe gewei het, bymekaar te maak, en in hierdie groot kloof op te jaag. Kierie kan nie raai wat Andries Els, ou Donald Mayer se plaasvoorman, nou eintlik met die beeste wil doen nie. Hierdie kloof word meestal gebruik wanneer hulle 'n paar slaggoed wil uitkeer of wanneer daar 'n paar wilde beeste gebrandmerk moet word, wat hulle anders nooit in die kraal naby die huis sou kry nie, omdat Beëlsebul in hulle vaar sodra hulle die takkraal in die oog kry. Die wildes word dan gewoonlik altyd in die kloof opgejaag, en dan word die brandmerkery sommer aan die einde van die kloof gedoen. Die kloof loop as 't ware halfpad teen die berge op dood. Daar word die beeste in 'n nou gang teen die

steil rotse aan weerskante vasgedruk en gebrandmerk.

Maar vanoggend is daar 'n snaakse ding aan die gang. Die beeste wat daar opgejaag word, is almal reeds voorverlede week gebrandmerk. Dit dra duidelik die letters D.M. op die gespierde linkerboude.

Nou wat besiel die boer vanoggend dat daardie dertien beeste in die blinde kloof opgejaag word?

Daar is 'n plofgeluid soos ou Kierie sy hakskene teen die perd se ribbes kap. Die merrie gee 'n benoude snork en sy trippel weer haastig voort. Agter hulle krul die stof tussen die bergvoue op waar Els nog steeds die beeste dieper in die blinde kloof opjaag. Kierie is nou weer bewus van die hitte wat die sweet op dier en mens laat uitslaan. Die berge agter hom vertoon vaal. Die berge kom daar uit die suidelike horison soos 'n blou slang aan en strek dan met hulle eindelose voue hier verby om weer daar in die sanderige noorde agter die gesigseinder te verdwyn. Dit is die Korannaberge wat diep die woestyn instrek.

Voor 'n rotskoppie onder die naakte hemel wat vanoggend grouagtig vertoon, staan die groot opstal van Donald Mayer, een van die rykste boere in hierdie omgewing. Die inwoners van Obobogarap in die Kalahari-woestyn het groot ontsag vir hierdie Duitse boer met sy puikrooi Afrikaners. Maar vanjaar kry almal swaar, ryk en arm. Hier op die hoogtes van die Korannaberge reën dit darem elke jaar. Die gemiddelde reënval is so ses duim per jaar, maar vanjaar is dit anders. Dit is diep in Desember en daar het nog geen enkele druppel reën geval nie. Verlede jaar was dit een en dieselfde. Die reën het nie gekom nie. Selfs die taai volstruisbosse en trassiebosse lyk verbleik en skraal. Die aarde is dor, en as die jaar hier aan die rand van die woestyn droog is, dor die harte van die mensekinders wat hier woon en werk, ook totaal uit. Dit is asof die woestyn hulle lewens beïnvloed. Hulle is so taai soos die woestynplante, dikwels so onverbiddellik soos die plat vlaktes met sy ylbesaaide doringbome. Maar as dit reën en die geur van gras en jong plantegroei is in die lug, word die mense van die woestyn se harte ook fraai en mooi. Dan lewe alles, en lewe mooi. Maar dit is vir Kierie, die Hotnot, asof die boere bose dinge bedink wanneer dit so dor is, net soos die woestyn in hierdie tyd van wraak lewe, wanneer die woestynwinde satanies huil oor die bleek beendere van mens en dier wat onder die naakte hemel op die sand lê en vergaan het.



Wanneer dit so droog is, word die woestyn meedoënloos, wraaksugtig. Mens hoor dit in die versugtinge van die aandbriese, in die lank gerekte getjank van 'n hiëna in die nánagte, in die houding van die troppe springbokke wat die klowe intrek op soek na vog.

Dit is of die dood oor die woestyn oral waghou, noudat die reën nie kom nie, en die mens se hart hard word van selfsug en wraakgedagtes.

Op hierdie oomblik is Kierie se primitiewe brein besig met die vete wat daar op die oomblik tussen Donald Mayer en Maans du Preez bestaan oor die waterbron in die Korannaberge.

Kierie laat die ou perd haar bene vinnig dra toe hy Donald Mayer by die bokkraal gewaar. Donald, 'n man van middelbare leeftyd, kyk op toe hy die Hotnot sien aankom. Hy steek die getalle-boekie, waarin hy die hoeveelheid bokke wat hy het, elke week aanteken, in sy sak en stap die jong vinnig tegemoet. Donald se blonde hare groei laag in sy nek. Hy het 'n effens krommerige, aristokratiese neus en flitsblou oë wat nou op skrefies getrek word. Sy moue is hoog opgerol en die rooi gebrande arms vertoon taai senings en spiere. 'n Ronde magie dwing om oor sy breë gordel uit te boog.

Die merrie kom vlak by Donald tot stilstand en Kierie sukkel af.

„Baas Donald, baas Andries sê baas moet kom."

Daar is 'n frons op Kierie se voorhoof. Hy is nou baie nuuskierig om te weet waaroor daardie beeste in die blinde kloof opgejaag word.

„Goed, Kierie. Saal my perd op en saal nog een vir baas Attie Botes op. Die baas is daar in die kombuis. Skree net daar by die deur dat hy moet klaar kry met koffie drink, want baas Andries wag!"

Sonder 'n woord hardloop Kierie na die agterdeur van die groot huis toe. Hy ken baas Attie Botes, buurman van baas Donald, vir wie ou Kierie werk. Hy gooi sy hoed voor die kombuisdeur op die grond neer en loer na binne. Daar sit baas Attie met sy groot gestalte net voor die venster en hy drink ingedagte aan 'n hele beker met koffie. Ou Kierie was nog altyd skrikkerig vir hierdie baas Attie, wat maklik 230 pond weeg en so taai soos 'n ratel is. Daar is geen vet aan baas Attie nie, net spiere.

„Seskuus, my baas. Baas Donald is haastig. Sê die baas moet kom. Ek saal perd vir die baas selank op."

Attie Botes kom orent, en Kierie moet opkyk na sy bebaarde

gesig en in die bruinswart oë wat onder die ruie wenkbroue uitloer. Attie tel sy verflenterde hoed van die kombuistafel op.

,,Reg so, Kierie. Saal jy maar net op en bring die perd hier na die kombuisdeur toe."

Kierie glip weg, en die growwe stem van Attie Botes bedank Ann Mayer vir die heerlike koppie koffie.

,,Wat wil jy en Donald vanoggend in die kloof gaan maak?" kom Ann se vraag en sy kyk Botes vas in sy oë met haar helder bloues.

,,Ann, miskien wil Donald nie hê dat jy moet weet nie. Maar. . . maar ons is op die spoor van die man wat ons beeste steel."

Ann skrik effens.

,,Dan. . . gaan julle om hemelsnaam nie gewapen na die blinde kloof toe nie!"

Attie Botes lag.

,,Mens weet nie hoe gevaarlik die beesdiewe kan wees nie, Ann, maar ek neem buitendien altyd my geweer saam. Die springbokke is vanjaar weer volop in die klowe."

,,Maar dit is nie tyd om te skiet nie, Attie. Dit is lamtyd."

,,Ek sorg net dat ek nie ooie skiet nie."

Hy gaan by die deur uit met sy geweer in die hand.

,,Sorg in hemelsnaam dat dit bokke is wat julle skiet, nie mense nie!" roep Ann Mayer hom agterna.

By die bokkraal sit Donald al op sy perd. Attie stap vinnig na hom toe.

,,Andries het die beeste in die kloof, Attie. Ons moet gou maak. Ons kan 'n vuur in die kloof aanpak. Ek het die brandysters hier by my."

Attie sien vir Kierie by die staldeur uitkom met 'n opgesaalde perd wat hy agter hom aanlei. Hy skree dat die jong dit na hom toe moet bring, en Kierie begin hardloop. Hy hardloop altyd wanneer Attie Botes hom opdragte gee. Attie lig homself in die saal en swaai die geweer oor sy skouer.

Donald sien sy vrou se gesig teenaan die kombuisvenster. Hy kyk na haar en wuif met sy hand. Sy maak 'n ligte beweginkie met haar hand, maar Donald kan sien dat sy bekommerd is. Donald spuug 'n klomp stof wat modder in sy kieste geword het, uit en mompel:

,,Hoeveel vermoed Ann, Attie? Het jy weer jou mond verbygepraat?"

,,Glad nie. Sy glo dat ons op die spoor van die sogenaamde



diewe is."

,,Kom, ons moet gou speel."

Die perde word op 'n galop getrek, en die stof staan soos hulle ooplê na die voetheuwels toe.

Toe hulle sowat vyfhonderd tree gevorder het, net toe hulle die breë kloof begin binnery, kyk Attie om en hy trek sy perd dadelik in.

,,Donald, hier kom Kierie!"

,,Dit is reg. Hy moet help met die brandmerkery."

Attie skud sy kop.

,,Nee, dit is net die verkeerde ding. Hierdie keer sal ek en jy en Els genoeg moet wees. Ons keer die beeste in die grot vas."

Kierie trek die merrie in toe hy hulle nader. Die twee witmanne kyk mekaar vir 'n oomblik aan. Attie skud sy kop, en Donald se flitsblou oë trek op dun skrefies.

,,Kierie. . . hmm. . . ek dink nie dit is nodig dat jy gaan help nie. Laasnag het daar weer vyf boklammers weggeraak. Ek skat dit is jakkalse of weerwolwe. Gaan stel liewer vir my die slagysters daar naby die sandspruit."

Plooie vorm op Kierie se voorhoof. Dit is vir die twee manne duidelik dat hy agterdogtig begin word.

,,Ma. . . re, my baas. Die slagyster, hy is eers vanaand norag!"

,,Doen soos ek jou beveel, Kierie," kom dit vinnig van Donald Mayer af.

,,Goete, my baas. Ma. . . re, daar is dertien bees. Wat my base hy wil maak. . .?"

Donald kyk weer na Attie.

,,Kyk, swarte, jy word al te nuuskierig deesdae. . , Jy onthou mos die beeste wat nou die dag gesteel is. Nou ja, ons dink ons weet wie hulle gesteel het. Ons wil kyk of dit die dertien is wat baas Andries nou daar by die kloof ingejaag het, wat nou die dag deur vreemde base gesteel is."

,,Auk, my baas. Daardie dertien beeste, baas Andries en ek het by die donker vanmôre by die grot naby baas Maans du Preez se plaas gakry, maar nog binnekant by my baas Donald se grond. Iemand het nie gasteel nie, my baas!"

Donald Mayer stuur sy perd tot teenaan Kierie s'n. Die glimlag wat om Kierie se mond gevorm het, verdwyn skielik. Hy hou nie daarvan dat daardie fletsblou oë van Donald vir hom so deurdringend moet aankyk nie.

„Kyk, Kierie, jy bly al jare by my, nè?"
„Seker, my baas Donald.
„Nou goed. Jy het altyd lekker kos gekry, Kierie, en jy het warm geslaap."
„Ja-nee, my baas," en die frons op die Hotnot se voorhoof word dieper.
„Goed, my jong, dan moet jy nie nou begin foeter nie, anders jaag ek jou die woestyn in, waar jou nasie vanjaar op hope vrek. Luister nou mooi na my."
Daardie woorde het dadelik betekenis vir Kierie. Sy oë is groot in hulle kaste en sy ou hart hinder al hier teen sy maer ribbes vas.
„Ek. . . ek luister, Baas."
„Baas Maans du Preez het daardie dertien beeste gesteel. Dit is hy wat hulle in die grot weggesteek het, verstaan jy?"
Nou is Kierie skoon in verwarring. As Baas Maans dan die beeste gesteel het, hoe weet baas Andries so goed waar hy hulle gebêre het, en hoekom bêre baas Maans dit op sy baas Donald se plaas? dink Kierie. Donald se blik is nog onheilspellend op Kierie gerig.
„Ja, my baas," antwoord die Hotnot stadig en sy oë lyk dom.
Donald swaai sy perd om en op daardie oomblik klink 'n brandyster op die grond neer.
Om in sy baas se goeie boekies te bly, glip Kierie haastig van sy perd af en tel die brandyster op. Sy tandelose mond is op 'n glimlag getrek. Maar dan staar hy skielik na die letters aan die punt van die brandyster. Hy weet dadelik dat dit nie sy baas se letters daardie is nie. Baas Donald se merk bestaan uit twee letters. Dit is feitlik al letters in die alfabet wat hy ken en daarom kan hy dit nie vergeet nie. Maar hierdie yster het drie letters. Twee daarvan is sy baas se voorletters, maar die derde een is vir hom vreemd.
Donald Mayer leun vooroor en gryp die brandyster uit die jong se hand.
„Kierie moet baie dom wees as hy nie nou weet wat aangaan nie, Donald," merk Attie binnensmonds op.
„Ek dink hy is dom, Attie."
Hy woel die brandyster weer aan die saal by 'n ander een vas, en kyk dan weer na Kierie.
„Toe, Kierie, weg is jy! En onthou, as enige een jou daar vra, dan sê jy net dat baas Maans du Preez baas Donald se beeste gesteel het. Enne. . . enne as jy vir iemand iets vertel van hierdie



brandyster, huil die hiënas vannag oor jou beendere."
Soos 'n onnosele kind staar die Hotnot na hom toe op.
„Dit is goed, my baas."
Die twee witmanne dawer op hulle perde weg. Kierie hou hulle dop totdat hulle om die draai verdwyn. Dan stap hy na sy perd terug en swaai homself in die saal. Hy sit 'n rukkie doodstil. 'n Warrelwind kom speels uit die raasblare digby en ruk byna sy hoed van sy peperkorrel-kop af. Die hoefslae van die twee perde voor in die kloof sterf weg. Kierie skud sy kop. Hy is ineens bang, maar skielik kan hy sy nuuskierigheid nie meer bedwing nie. Daardie merkyster is nie sy baas s'n nie, ten minste, dit is nie sy baas se merk nie. Dit is of 'n ou-ou primitiewe instink vir Kierie waarsku dat daar dinge in die berge aan die broei is, gevaarlike dinge wat hy nou nie kan verstaan nie, maar wat maklik weer tot bloedvergieting kan lei, soos verlede jaar, toe die Duitsers oor die grens gesluip het om beeste te kom steel, en toe die vaal-swart aasvoëls elke dag aaklig by hulle feeste van mensbeendere in die woestyn geklaeroep het.
In plaas van terug te ry huis toe, ry hy vinnig agter die twee witmanne aan dat die stof so staan. Waar die kranse aan die kante van die kloof begin steiler word, spring hy weer uit die saal, en dan doen hy iets eienaardigs. Hy begin die perd teen die rotssteiltes uitjaag, tot agter 'n groot rots, waar hy die perd met die teuels aan die stam van 'n swarthaak vasmaak. Dan begin hy al langs die rotssteiltes na die end van die kloof beweeg.
Hy wil weet wat baas Donald in die blinde kloof met die beeste aanvang.
Kierie kan nou ver in die kloof op sien, tot daar anderkant die draai waar dit lyk asof dit soos 'n groot pad in die berg inloop. En dit is feitlik presies wat gebeur. Die kloof loop as 't ware 'n endjie in die berg in en vorm 'n ruim grot. Kierie beweeg nou versigtig in die skaduwees van die rotse hier teenaan hom. Dit sou beter gewees het as hy teen die steiltes kon uitklim sodat hy al op die steil rotse langs gebukkend kon beweeg. Hy betas die steilte hier by hom. Hier en daar is diep barste in die regaf rotse. Kierie sukkel nog 'n endjie aan en dan begin hy soos 'n bobbejaan teen die rotse opklim. Dit is moeilik en dit gaan maar stadig. As hy net eenmaal durf mistrap, val hy sowat dertig voet en dan sal hy rol—tot onder in die sanderige spruit in die kloof.
Met 'n laaste kragsinspanning klouter hy bo uit. Hy vee die

sweet vinnig van sy voorhoof af en druk sy pap hoed weer op sy peperkorrels. Nou lê die kloof wyd daar ver onder hom. Die berge verrys soos stukke wolke net hier voor hom. Nou kan hy ver-ver sien as hy weswaarts kyk na die oop vlaktes waar die woestynwinde tydens droogtes so van drie-uur af begin opsteek en die wêreld teen sonsondergang in 'n snaakse rooi-oranje kleur doop. Suidwaarts kyk hy op bergvoue af wat tot in die oneindigheid strek.

Kierie hoor beeste deurmekaar bulk. Hy vorder nou vinnig. Hy hardloop 'n paar tree op hierdie soort bultrug en dan stap hy weer, steeds in 'n kromgeboë houding.

Eindelik kan hy stemme hoor. Hy steek vlak by 'n rooihaakbos vas en luister. Teen die donker agtergrond van die vaal rots sien hy 'n yl rokie kronkel. Hy staan vir 'n oomblik ingedagte, haal sy pap hoed af en verfrommel dit in sy hande. Ineens voel hy bang. Al kan hy nie alles verstaan nie, waarsku sy primitiewe soort instink hom dat sy baas Donald en baas Attie iets in die skild voer, en hulle wil nie hê dat hy daarvan moet weet nie. As hulle hom hier bo op die rotse moet sien, is dit klaarpraat met hom. Hulle sal hom mors, soos baas Altyd sê. Hy hou weer die yl rokies dop wat lui optrek. Sy waterogies sien die wit misvlekke teen die vaal rotse. Hy weet dat daardie rotse bokant die grot die broeiplek van aasvoëls en arende is. Maar sy nuuskierigheid voer vanoggend die botoon oor hom. Hy begin weer aanhardloop en helderder kom die stemme tot hom. Die beeste bulk nou maar net af en toe. Die diere is waarskynlik in die grot vasgekeer.

Eindelik val Kierie agter 'n klip plat en kruip dan 'n paar voet nader. Hy leun versigtig oor 'n afgrond en daar onder hom sien hy die bek van die grot. Daar is 'n sanderige opening voor die grot, en daar staan die drie witmanne wat vanoggend so anders begin optree het.

Digby die drie brand 'n vuur waarvan die kole reeds gloeiend warm is. Kierie kyk stip en dan sien hy die punte van twee brandysters uit die vuur steek. Die Hotnot skud sy kop. Nou hoekom wil die mense die beeste brandmerk as hulle reeds klaar gebrandmerk is?

Vlak voor die grotopening is twee groot rotse wat spits na boontoe loop. Dieselfde baas Andries Els het daardie twee rotse die Wagte gedoop. Daar is net 'n klein openinkie tussen die twee rotse, net groot genoeg vir 'n bees om sy liggaam daardeur te druk.



Voor die grotopening is hoë takke—doringtakke—gepak, sodat die beeste nie uit die grot kan uitstorm nie. Daardie selfde grot het Kierie een slag gebruik om die skape in toe te maak. Hy het toe self daardie takke voor die bek laat sleep. Dit was in 'n tyd toe die reëns geval het hier in die berge, dat Kierie se kinders begin praat het van die „oreëlsdag." Hy kon die skape nie deur die kloof wat toe 'n bruisende rivier was, jaag nie, en moes hulle maar hier in die grot laat slaap. Nou staan die dertien beeste in daardie grot, met die hoë takke voor hulle. Van die grot af is die doringtakke so gepak dat daar 'n soort paadjie tot by die twee wagte loop. Die doringtakke is tot teenaan die Wagte gestapel. Kierie neem nie lank om uit te reken waarvoor daardie gang van doringtakke gebou is nie. Dit is om die beeste by te kry wanneer hulle gebrandmerk word. Een vir een sal hulle tot teenaan die Wagte sukkel en daar sal hulle gebrandmerk word. Kierie se nuuskierigheid kry nou skoon die oorhand oor hom.

Hy hoor hoe Donald Mayer skree:

„Toe, Andries, laat ons begin. Attie, laat jy een-een deur. Ek sal die brandmerk doen!"

Kierie se oë peul nou uit hulle kaste.

„Wrastag, hulle gaan met daardie ander woorde brandmerk," sug die ou en hy lê plat op sy maag en bespied die toneel hier onder hom.

Attie lig 'n groot doringtak op en begin op die beeste skree. Die eerste rooie spring in die doringtakgang af en hardloop vinnig op die opening tussen die Wagte af. Maar Andries Els versper daardie opening tussen die Wagte met 'n doringtak. Vlak by die rotse staan Donald Mayer al met die gloeiende brandyster.

Die Afrikaneros brul benoud toe hy hom in die gang teen die Wagte vasloop, maar Donald Mayer het reeds vorentoe gekom. Kierie sien hom goed mik. Hy mik na die letters D.M. wat reeds op die linkerboud van die bees pryk. Skielik word Kierie benoudbang. Hy weet skielik dat daardie letters wat hy op die brandyster wat Donald laat val het, bespeur het, die merke is van baas Manie du Preez. Ja, baas Manie, die baas wat dan die beeste gesteel het?

Dit is ineens of alles nou so duidelik soos daglig is. Baas Manie se paar beeste wat hy het, is gemerk. Hy weet dat baas Manie se merke amper soos sy baas s'n is. Hy kan die merke nou helder voor sy gees roep: D.M.P.

Hoekom merk hulle hierdie beeste vir baas Manie?